Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2022

EKONOMIE V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2−3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 In ʼn perfekte mark sal die prys van die produk altyd gelyk wees aan …

A marginale koste.
B gemiddelde koste.
C marginale inkomste.
D totale inkomste.

1.1.2 ʼn Markstruktuur waar samespanning plaasvind is ʼn …

A volmaakte mark.
B monopolie.
C oligopolie.
D monopolistiese mark.

1.1.3 Monopolistiese mededingende firmas verkoop ... goedere.

A gedifferensieerde
B homogene
C dieselfde
D unieke

1.1.4 Die koste en voordele aan die derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie, word….. genoem.

A private koste
B maatskaplike voordele
C interne koste
D eksternaliteite

1.1.5 ʼn Instrument wat die regering vereis om opsies te vergelyk om te bepaal om met ʼn projek voort te gaan of nie, word ʼn … genoem.

A uitvoerbaarheidstudie
B koste-voordeel-analise
C SWOT-analise
D behoefte-analise

1.1.6 Om inflasie tussen 3% – 6% te hou, word inflasie… genoem.

A teikening
B monitering
C kosteberekening
D meeting

1.1.7 Paaie, lughawens, parkeerterreine, ens. noodsaaklik vir toeriste-bestemming word … -infrastruktuur genoem.

A kommunikasie
B dienste
C energie
D vervoer

1.1.8 'n Beduidende en volgehoue verandering in die normale weerpatrone word na as ... verwys.

A verwering
B klimaatverandering
C klimatologie
D kondensasie (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Mededingings-tribunaal	A	Enige strategie wat aangepak word om die omgewing te beskerm en ongeskonde te hou
1.2.2	Monopolistiese kompetisie	B	Gemiddelde veranderlike koste is gelyk aan prys
1.2.3	Maksimum prys	C	Suid-Afrika se Wêrelderfenisgebied
1.2.4	Afsluitpunt	D	Aanbevelings aanvaar of verwerp en oordeel sê
1.2.5	Indeksasie	E	Het ŉ hibriede struktuur
1.2.6	Transit-toerisme	F	Lei tot ŉ tekort aan goedere in die ekonomie
1.2.7	Sterkfontein grotte	G	Deur die land te reis
1.2.8	Bewaring	H	Informele ooreenkoms oor pryse
		I	ŉ Beleid om pryse van items soos verbandrentekoste aan prysindekse te koppel

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ’n Tydperk van produksie waar alle insette veranderlik is

1.3.2 ’n Monopolie wat as gevolg van hoë begin- en instandhoudings-koste gevorm word

1.3.3 Mark waar onwettige goedere gekoop en verkoop word

1.3.4 Uiterste styging in die pryse van goedere en dienste van meer as 50%

1.3.5 Die soort toerisme waar Suid-Afrikaners na ander lande gaan

1.3.6 ’n Internasionale ooreenkoms wat handel van die gevaarlikste stowwe beheer (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van openbare goedere en dienste. (2)

2.1.2 Hoe word die markprys in ŉ volmaak mededingende mark bepaal? (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

OLIGOPOLIE

Die wêreldmark vir farmaseutiese produkte funksioneer as ŉ oligopolie as gevolg van die aard van die bedryf en die hindernisse tot toetrede wat bestaan.

Die ontwikkeling van ŉ nuwe geneesmiddel is ŉ uiters komplekse en duur taak wat ŉ groot hoeveelheid hulpbronne verg. Daarbenewens het die meeste medisyne patente wat beteken dat dit nie deur ander firmas gerepliseer en vervaardig kan word nie.

[Bron: www.invetopedia.com. Toegang op 15 Desember 2021 verkry.]

2.2.1 Identifiseer ŉ hindernis vir marktoetrede tot ŉ oligopolie uit die bogenoemde uittreksel. (1)

2.2.2 Gee EEN vorm van nie-prys-mededingingstrategie wat oligopolieë gebruik. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die terme *oligopolie*. (2)

2.2.4 Verduidelik *interafhanklikheid* as ŉ kenmerk van oligopolistiese markte. (2)

2.2.5 Teken ŉ goed benoemde grafiek van ŉ vraagkurwe van ŉ oligopolie. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer die subsidie vanaf die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Gee enige EEN voorbeeld van ’n direkte subsidie. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *produksiesubsidie*. (2)

2.3.4 Waarom word onvolmaakte markte as allokatief ondoeltreffend beskou? (2)

2.3.5 Verduidelik die impak van ’n produsentesubsidie op die ekonomie. (4)

2.4 Onderskei tussen *merietegoedere* en *nie-merietegoedere*. (8)

2.5 Ondersoek die nadele vir die bestaan van die monopolistiese mededingende mark. (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE tipes besoedeling. (2)

3.1.2 Hoe kan Suid-Afrika se swak rand inkomende toeriste uit die Verenigde State van Amerika beïnvloed? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ROTSKUNS IN SUID-AFRIKA

Rotskuns verskaf belangrike inligting oor die eerste nasies in die streek. Dit gee insig in die lewenswyse en psige (denke) van die eerste inwoners van Suider-Afrika.

Rotskuns is ŉ inheemse erfenis. Die rotskuns in die uKhahlamba-Drakensbergpark is sowat 3 000 jaar oud.

[Aangepas uit Afrika-begrotingsafari's]

3.2.1 Gee EEN voorbeeld van inheemse kennis. (1)

3.2.2 Watter tipe Wêrelderfenisgebied is uKhahlamba Drakensbergpark? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die terme *inheemse kennisstelsel.* (2)

3.2.4 Verduidelik die doel van die Welkom-veldtog as die bemarking-strategie vir toerisme. (2)

3.2.5 Hoe dra inheemse kennisstelsel tot plaaslike gemeenskaps-ontwikkeling by? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE SARB VERLAAG DIE REPOKOERS



Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het 25 basispunte van die repokoers afgeneem. Hierdie optrede het die repokoers afgebring tot 3,5%, 'n volle 300 basispunte onder van waar dit in 2020 begin het (en ’n rekordlaagtepunt van vier dekades).

[Aangepas uit directaxis.co.za. Toegang op 21 November 2021 verkry.]

3.3.1 Skryf die afkorting ‘SARB’ volledig uit. (1)

3.3.2 Wat beteken 25 basispunte? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *repokoers*. (2)

3.3.4 Hoe kan loonverhogings inflasie beïnvloed? (2)

3.3.5 Waarom is die Monetêre Beleidskomitee belangrik in Suid-Afrika? (4)

3.4 Bespreek die fiskale maatreëls om inflasie te bekamp. (8)

3.5 Hoe kan toerisme armoede in landelike gebiede verlig? (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE tipes samespanning. (2)

4.1.2 Hoe sal ŉ hoë inflasiekoers die betalingsbalans beïnvloed? (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INKOMSTETABEL VIR 'N MONOPOLIE

Prys	Hoeveel-heid	Totale inkomste	Gemiddelde inkomste	Marginale inkomste
11	0	0	-	-
10	1	10	10	10
9	2	18	9	8
8	3	24	8	6
7	4	28	7	4
6	5	30	6	2

4.2.1 Identifiseer die inkomstemaksimerende uitset uit die tabel hierbo. (1)

4.2.2 Wat beteken die frase *monopoliste beheerprys*? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *gemiddelde inkomste.* (2)

4.2.4 Verduidelik die *aard van produkte* wat deur ŉ monopolis verkoop word. (2)

4.2.5 Hoekom is dit vir ŉ monopolis moontlik om ŉ ekonomiese verlies in die korttermyn te maak? (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VERBRUIKERSINFLASIE VERLAAG IN JANUARIE 2022



Weseninflasie het in Januarie 2022 tot 5,7% gedaal vanaf 5,9% in Desember 2021.

[Bron: Statistiek Suid-Afrika: 16 Februarie 2022.]

4.3.1 Identifiseer die persentasie verandering van die wesensinflasie van Desember tot Januarie uit die inligting hierbo. (1)

4.3.2 Noem die verbruikersinflasie wat items met wisselvallige pryse uitsluit. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *wesensinflasie.* (2)

4.3.4 Hoe veroorsaak beleggingsbesteding vraag-trek inflasie? (2)

4.3.5 Hoe word vaste-inkomsteverdieners negatief deur inflasie geraak? (4)

4.4 Verduidelik die gebrek aan inligting as ’n oorsaak vir markmislukking. (8)

4.5 Evalueer die sosiale impak van toerisme. (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf. • Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie. • Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam insluit nie. • Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Inhoud **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/ Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik **Bykomende gedeelte:** Gee eie opinie Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/ Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Bereken /Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder enige feite wat reeds genoem is, te herhaal • Enige opinie of waardeoordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking/ontleding te versterk. • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis. • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Met behulp van goed benoemde grafieke, bespreek in detail die verskillende korttermyn-ewewigsposisies van 'n individuele onderneming in 'n volmaakte kompetisie. (26 punte)
- Hoe beskerm die Mededingingswet verbruikers? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek in detail regeringsmaatreëls om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)
- Hoe gebruik Suid-Afrika bewaring om 'n volhoubare omgewing te verseker? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou